# October SDL discourse

**18 October 2019**

On 18 October Dr Egon Werlen from the Swiss Distance University of Applied Sciences (FFHS) presented a discourse to the research focus area SDL on Positive writing carries the message – using the emotional colours of texts for adaptive learning with the aid of video-conferencing technologies. The Faculty of Education of the NWU has signed an MOU (memorandum of understanding) with the Swiss Distance University of Applied Sciences (FFHS), and as such the research focus area SDL collaborates with the FFHS in research activities and endeavours under the guidance of Prof Christo van der Westhuizen, subarea leader for blended learning, to support the SDL. During his presentation, Dr Werlen focused on using lexical analysis, which was used to develop an algorithm to analyse texts (for example tweets) to determine whether the nature of the text is positive or negative.

He elaborated on the value of determining the emotions of text in order to inform a teacher on which teaching approach would be most suitable to use in the light of the student's emotional state, and in doing so fostering a climate of optimal learning.

He further elaborated on the value of positive writing, which may be viewed as part of positive phycology that promotes positive feelings for the writers themselves. He used an example of merely writing down five positive things per day. In doing this they could promote a positive view of life and add to an optimistic mindset.

Referring to SDL, he added that, knowing the feelings of students (feedback from students' written texts), it could help to reflect on the learning of students. This approach links to metacognition, as there is a strong link between metacognition and emotions.





Op 18 Oktober het dr Egon Werlen van die Switserse Afstandsuniversiteit vir Toegepaste Wetenskappe (Fernfachhochschule Schweiz) (FFHS) met behulp van videokonferensietegnologie 'n gesprek oor Positiewe skryfwerk dra die boodskap – die gebruik van die emosionele kleur van tekste vir aanpasbare leer in die navorsingsfokusarea SDL gelei.

Die Fakulteit Opvoedkunde van die NWU het 'n memorandum van verstandhouding (MvV) met die Switserse Afstandsuniversiteit vir Toegepaste Wetenskappe (FFHS) onderteken, en die navorsingsfokusarea SDL, onder leiding van prof Christo van der Westhuizen, subarea-leier vir Vervlegde Leer ter ondersteuning van SDL, werk saam met FFHS in navorsingsaktiwiteite.

Dr Werlen het tydens sy aanbieding gefokus op die gebruik van leksikale ontleding om 'n algoritme te ontwikkel om tekste (byvoorbeeld twiets) te ontleed omte bepaal of die teks positief of negatief van aard is. Hy het uitgebrei oor die waarde van die bepaling van die emosies van 'n teks om 'n onderwyser/lektor in te lig oor watter onderrigbenadering die geskikste is om te gebruik in die lig van die studente se emosionele toestand, en sodoende 'n klimaat van optimale leer te bevorder.

Hy het verder uitgebrei oor die waarde van positiewe skryfwerk, wat gesien kan word as deel van positiewe sielkunde, en wat positiewe gevoelens vir die skrywer self bevorder. Hy het 'n voorbeeld gebruik dat 'n mens bloot vyf positiewe dinge per dag kan neerskryf. Dit kan 'n positiewe lewensbeskouing bevorder en tot 'n optimistiese ingesteldheid bydra.

Met verwysing na SDL het hy bygevoeg dat kennis van studente se gevoelens en emosionele welstand (terugvoering uit die geskrewe teks van studente) kan help om oor studente se leer na te dink. Hierdie benadering hou verband met metakognisie as gevolg van die sterk verband tussen metakognisie en emosies.